SKENKINGSBLAD	
NAAM VAN SKENKER:	
ADRES:	
REGISTRASIE NO:	
VERTEENWOORDIGER:	
ID NO:	
TELEFOON NO:	
BTW NO:	
EPOS ADRES:	
PRODUK EN GRAAD DAARVAN:	
HOEVEELHEID GESKENK:	
SILO LIGGING:	
HANDTEKENING:	

STANDAARD SKENKINGSTERME
Van Graanprodute tgv
Die Trustees van die Grain Care Trust (IT: 9332/06)
("*Grain Care*")

1 Interpretasie

1.1 Woorde gedefinieer in opskifte van hierdie Ooreenkoms sal die betekenis dra soos in die opskrifte vervat.

1.2 In hierdie Ooreenkoms is die opskrifte van klousules slegs vir geriefs- en verwysingsonthalwe ingevoeg en sal nie gebruik word by die vertolking van, of ter wysiging of versterking van die bepalings van hierdie Ooreenkoms of enige klousule daarvan nie. In hierdie Ooreenkoms, tensy die teendeel duidelik blyk:

behels woorde:

- van een geslag die ander twee geslagte;
- in die enkelvoud die meervoud en omgekeerd; en
- vir natuurlike persone ook geskepte entiteite (met of sonder regspersoonlikheid) en omgekeerd;
- sal die volgende terme die betekenisse hê wat ingevolge hiervan daaraan toegeken is en kognate uitdrukkings sal ooreenstemmende betekenisse hê, naamlik:

1.2.1 "Beswaring" sluit in enige verbandakte, notariele verbandakte, pandgewing, hipoteek, aanwysing, sessie in sekuriteit of uit en uit sessie, depositogewing as sekuriteit, of enige ander vorm van ooreenkoms of reëling (hetsy voorwaardelik of nie en hetsy of dit betrekking of huidige of toekomstige bates) , wat die effek het dat 'n persoon of entiteit 'n vorm van versekerde belang of preferensie het oor 'n ander se bates (insluitend skuldvergelyking, rentensie van titel of wedersydse fooie ooreenkomste), maar uitgesluit statutêre preferensies en "Beswaard" sal 'n soortgelyke betekenis hê;

1.2.2 "Effektiewe Datum" beteken die datum van aanvaarding van die Skenking;

1.2.3 "Grain Care" bedoel die trustees van tyd tot tyd van die Grain Care Trust, aangestel deur die Meester van die Hooggeregshof in terme van die Wet op die Beheer oor Trust Goed, 1988, 'n Publieke Belang en Nie-Winsgewende Organisasie met PBO no. 930022895 en NPO no. 054-760-NPO;

1.2.4 "**die/hierdie Ooreenkoms**" beteken die Skenking van die Produk soos in hierdie dokument vervat en enige toevoegings daartoe en wysigings van die terme van die Ooreenkoms;

1.2.5 "die partye" beteken die Skenker en Grain Care;

1.2.6 "die Produk" – beteken graan of olie saad landbou produkte;

1.2.7 "Reg, titel en belang" beteken al die Skenker se reg, titel en belang in en tot die Produk, met Effektiewe Datum (ingesluit alle opbrengste uit die verkoop of oormaak van die Produk), hetsy uitdruklik, voornemend, of voorwaardelik , direk of indirek, en nieteenstaande of die reg, titel en belang binne die Partye se kontemplasie was op Effektiewe Datum.

1.2.8 "Die Skenker" die aangewese skenker soos gereflekteer in die Skenkingsblad;

1.2.9 "Skenking" beteken die toegif en oordrag, sonder teenwaarde, van alle reg, titel en belang in en tot die Produk ten gunste Grain Care vir publieke belange aktiwiteite soos goedgekeur in terme van Artikel 18A van die Inkomste Belasting Wet, 1962;

1.2.10 "Skenkingsblad" beteken die elektroniese en/of fisiese Skenkingsblad soos gevind op die webblad van Grain Care: **www.unigrain.co.za,** wat voltooi en elektronies versend moet word na **graincare@unigrain.co.za** vir aanvaarding; en

1.2.11 "Toepaslike Reg" beteken enige toepaslike wetgewing, bywette, regulasies, regulatoriese beleid, (insluitend enige vereiste of kennisgewing van 'n regulatoriese liggaam of agentskap) , enige direktief, gedragskode, of enige gedelegeerde of ondergeskikite wetgewing, wat betrekking het op die Produk, met verwysing na die beoogde gebruik en stoor van sodanige Produk.

2 Skenking

2.1 Die Skenker skenk hiermee die Produk aan Grain Care soos per 'n voltooide en versende Skenkingsblad.

2.2 Grain Care kan by ontvangs van 'n Skenkingsblad die Skenking aanvaar, in skrif, hetsy fisies of elektronies, soos bedoel in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 25 of 2002.

2.3 Die Skenking sluit in alle voordele nou of hierna in en tot die Produk.
2.4 Die Skenking is afdwingbaar vanaf datum van aanvaarding deur Grain Care, nieteenstaande of die Skenker kennis dra al dan nie van die aanvaarding, welke Skenking voltooid sal wees op volledige lewering van die Produk.
2.5 Lewering geskied by wyse van oordrag van die Produk vanaf die folio van die Skenker te 'n geregistreerde Landbou Silo na die folio van Grain Care of na die folio van 'n Grain Care genomineerde entiteit te dieselfde Silo.
2.6 Die Skenker onderneem om alle stappe te neem en alle dokumentasie te voltooi en te onderteken soos benodig en versoek deur Grain Care vir die effektiewe afhandeling van die Skenking.

3 Waarborge

Die partye waarborg en hou die volgende aan mekaar voor (en hierdie ooreenkoms is gevolglik daarop gebaseer dat):
3.1 Die Skenker waarborg eienaarskap en besitreg van die Skenking teenoor Grain Care;
3.2 Die Skenking is nie onderhewig aan enige reg van retensie, terughouding of Beswaring nie, en die Skenking word gemaak en gelewer vry van enige beperking;
3.3 Geen voorkoopsreg bestaan of sal bestaan tov die Skenking voor lewering nie;
3.4 Die Skenker waarborg die nodige regsbevoegdheid om die Skenking te maak en Grain Care waarobrg die nodige regsbevoegdheid om die Skenking te aanvaar;
3.5 Grain Care waarborg en hou voor dat dit 'n Publieke Belang organisasie is, geregistreer en goedgekeur as sulks te die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingdiens, en verder dat dit Publieke Belang aktwititeite verrig soos bedoel in Gedeelte II van die Negende Skedule van die Inkomste Belastign Wet, 1962;
3.6 Die Skenker waarborg en hou voor dat die Produk geskenk voldoen aan die gradering soos bepaal deur die "South African Future Exchange ("SAFEX") se gradering spesifikasies, en soos aangeteken op die Skenkingsblad;
3.7 Die Skenker waarborg en hou voor dat die Skenking sal voldoen aan die Toepaslike Reg, en waar die SAFEX gradering aangegee op 'n Skennkingsblad daarop dui dat die produk geskik is vir menslike gebruik, sal die Produk geskenk geskik wees vir sodanige doel. Die Produk sal verdermeer geskik wees vir stoor te enige Silo of goedgekeurde stoor fasiliteit, sonder die risiko van kontaminasie van ander soortgelyke produkte gehou te sodanige Silo of stoorfasiliteit.

4 Kostes

Die Skenker is verantwoordelik om alle koste te betaal wat verband hou met die Produk tot en met lewering , ingesluit maar nie beperk nie tot vervoer, Produkversekering, sifting, behandeling, stoor en hanteringskostes van 'n Silo of stoorfasiliteit. Enige bedrag soos hierin bedoel, waarvoor die Skenker verantwoordelik is, en wat deur Grain Care betaal word is 'n skuld verskuldig deur die Skenker aan Grain Care, betaalbaar op aanvraag.

5 Indemniteit

5.1 "Eis" beteken enige eis, regsaksie, litigasie, ondersoek of arbitrasie, of dit nou reeds bestaan, of gaan ontstaan of gedreig word, deur enige derde party of die regering van die RSA, die oorsaak wat ontstaan uit hoofde van hierdie Ooreenkoms, die verbreking daarvan, of van enige waarborg, belofte of onderneming hierin vervat deur die Skenker en/of die gebruik van die Skenking, waar Grain Carrier of die se genomineerde aanspreeklik gehou word of gehou kan of sal word vir liggaamlike leed, dood, verliese, skade, uitgawes, kostes, of dit nou direk of indirek is, of dit nou gevolgskade is of nie, ingesluit verlies aan inkomste of besigheid, of verhoogde uitgawes, of verhoogde regskostes, (ingesluit koste op 'n prokureur eie klient skaal) (gesamentlik die "Verliese").
5.2 Die Skenker indemnifiseer en vrywaar Grain Carriers teen enige Verliese wat Grain Carriers ly of mag of gaan ly uit hoofde van 'n Eis.
5.3 Grain Care indemnifiseer en vrywaar die Skenker teen enige belastings wat die Skenker moet betaal insoverre Grain Care nie Publieke Belang aktwititeite verrig soos bedoel in Gedeelte II van die Negende Skedule van die Inkomste Belasting Wet, 1962, nie.

6 Kontrakbreuk

Ingeval die Skenker die terme en voorwaardes van hierdie Ooreenkoms verbreek en versuim om sodanige breuk te herstel binne 7 (sewe) dae vanaf versending van 'n aanmaning in terme waarvan die Skenker gemaan word om die breuk te herstel binne die gegewe tyd, dan en so geval sal Grain Care geregtig wees om hierde Ooreenkoms te kanselleer of spesfieke nakoming af te dwing, in beide gevalle sonder beletsel om skade en/of Verliese te eis.

7. Domicilia Citandi Et Executandi

7.1 Die Skenker kies as *domiciliium citandi et executandi* (fisiese adres) die adres in die Skenkingsblad aangegee vir regsaksie of prosesstuk, en as kennisgewingsadres, die epos adres in die Skenkingsblad vervat..
7.2 Grain Care kies as *domiciliium citandi et executandi* (fisiese adres) die onderstaande fisiese adres vir regsaksie of prosesstuk, en as kennisgewingsadres, die epos adres in die Skenkingsblad hierin.

Fisiese Adres:	**1 Mercedes Street, Aureus Randfontein, Gauteng, R.S.A.**
Epos adres:	**graincare@unigrain.co.za**
Vir aandag:	**Anél Knoetze**

7.3 Alle kennisgewings en of toestemmings moet op skrif wees en gelewer word aan die geadresseerde.
7.4 Enige kennisgewing sal geag word gegee te wees, tensy die teendeel blyk:
7.4.1 Indien per hand , op die dag van aflewering; of
7.4.2 Indien elektronies versend, op die eerste besigheidsdag (nie 'n Saterdag, Sondag of publieke RSA vakansie dag nie) na suskesvolle elektroniese versending daarvan, soos aangetoon deur 'n elektroniese afleweringskennisgewing.
7.5 Nieteenstaande voormelde, indien 'n kennisgewing werklik ontvang word, sal die gee van die kennisgewing soos ontvang voldoende geag en aanvaarbaar wees.

8. Algemeen

8.1 Indien enige bepalings hierin blyk onwettig, ongeldig of onafdwingbaar te wees vir welke rede ookal, sal sodanige bepaling geag word *pro non scripto* te wees, maar sonder enige aantasting, belemmering of ongeldigheid tov oorblywende bepalings van die Ooreenkoms.
8.2 Geen tydsverlenging of prysgawe of verslapping of enige van die bepalings of voorwaardes van hierdie Ooreenkoms of enige ooreenkoms, wissel of ander dokument uitgereik of ten uitvoer gebring ingevolge of kragtens hierdie Ooreenkoms, sal dien as 'n estoppel teen enige party ten opsigte van sy regte ingevolge hierdie Ooreenkoms nie, nog sal dit dien ten einde sodanige party daarna daarvan uit te sluit om sy regte streng ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms uit te oefen.
8.3 Hierdie dokument met 'n Skenkingsblad vorm die volledige geldende Ooreenkoms tussen die partye in verband met die onderwerp hiervan. Geen wysiging of konsensuele kansellasie van hierdie Ooreenkoms of enige bepaling of voorwaarde daarvan en geen tydsverlenging, prysgawe of verslapping of opskorting van enige van die bepalings of voorwaardes van hierdie Ooreenkoms sal bindend wees nie, tensy aangeteken in 'n skriftelike dokument onderteken deur die partye.
8.4 Ewekniee van hierdie Ooreenkoms mag apart onderteken word en die onderskeie kopiee (faksimilee of elektroniese kopiee) onderteken konstitueer die Ooreenkoms.
8.5 Die beeindiging van hierdie ooreenkoms affekteer nie bepalings hiervan wat uitdruklik voorsien word om voort te duur nie, of wat noodwendigerwys moet voortduur na beeindiging hiervan nieteenstaande dat die verskillende bepalings van hierdie Ooreenkoms nie voorsiening vir voortsetting maak nie.
8.6 Geeneen van die partye sal geregtig wees om die voordele van hierdie Ooreenkoms oor te dra of te sedeer sonder die geskrewe vooraf toestemming van die ander party nie.
8.7 Elke party dra sy eie koste in verband met die voorbereiding van, opstel, onderhandeling en implimentering van hierdie Ooreenkoms.

_____
HANDTEKENING